



Oosies

NUUSBRIEF

2026
WERK EN OORWIN
Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit

#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

26/2026

6 Augustus 2026

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Oosie-ouers, personeel en leerders

Baie dankie aan elke ouer, leerder, personeel en die gemeenskap wat ons Oosie-Engle se Boks-insameling ondersteun het. Die reaksie was ongelooflik en ons is opreg dankbaar vir die groot hoeveelheid skenkings wat ontvang is. Hierdie bydraes maak 'n werklike verskil en word gebruik om leerders en gesinne in ons eie skool en gemeenskap te ondersteun.

Baie geluk aan ons Top 10 Akademiese leerders met hul kwartaal 2 uitslae. Julle harde werk en deursettingsvermoë is iets waarop ons baie trots is. By Oos-Moot bly akademie ons eerste prioriteit, en daarom herinner ons leerders ook dat hulle gratis toegang tot Wolksskool het. Meer inligting oor registrasie verskyn elders in hierdie nuusbrief. Maak gebruik van hierdie uitstekende hulpmiddel.

Ons wil leerders ook herinner om verantwoordelikheid vir hul eie besittings te neem. Al doen die skool alles moontlik om 'n veilige omgewing te skep, bly dit elke leerder se verantwoordelikheid om mooi na hul persoonlike besittings om te sien.

Veiligheid bly vir ons baie belangrik. Ons vra weer dat leerders ná skool eerder binne die skoolterrein wag waar sekuriteit beskikbaar is, en nie op sypaadjies of straathoeke buite die skool nie. Ons is steeds besig om die veiligheid van ons terrein verder uit te brei en sal binnekort meer inligting oor Fase 2 met julle deel.

Ons Graadkompetisie sorg vir lekker gees en gesonde mededinging. Leerders verdien punte deur betrokke te wees by akademie, sport, kultuur, liefdadigheid en ander skoolaktiwiteite. Elke Oosie se deelname tel! Die grade is soos volg geplaas:

- Graad 10 (1ste)
- Graad 11 (2de)
- Graad 12 (3de)

Dankie aan elke leerder wat betrokke raak. Ons glo vas dat 'n betrokke Oosie 'n gelukkige Oosie is!

Ons sport- en kultuurleerders is steeds volstoom aan die gang en op Saterdag, 8 Augustus, speel ons rugbyspanne tuis in die Noordvaalkompetisie. Ons sien uit daarna om baie Oosies langs die veld te sien. Kom ondersteun ons spanne en help ons om die Oosie-gees uit te leef. Ons vra ook dat almal, soos altyd, die goeie naam van die skool met trots sal uitdra deur respek en goeie sportmanskap te toon.

'n Spesiale woord van dank aan die Oosiebond vir hul volgehoue ondersteuning en bydrae tot die ontwikkeling en verbetering van ons skool. Julle maak 'n groot verskil. By Hoërskool Oos-Moot bly ons verbind tot ons strewe na uitnemendheid op alle gebiede.

Geniet die langnaweek wat voorlê. Indien julle weggaan, reis veilig, rus lekker en kom veilig terug.

Oosie-groete

Vriendelike groete
Me S Theron
HOOF

ALGEMEEN

Belangrike datums en kontakbesonderhede

7 Aug.	Gr.9: Vakkeuses vir 2027 open
10 Aug.	Publieke vakansiedag (VROUEDAG)
11 Aug.	Gr.12: Afrikaans verpligte aandklas
13 Aug.	- Fotodag 3 - Gr.12 Engelse aandklas
14 Aug.	- Boekkarakterdag - Kunsuitstalling
18-20 Aug.	Kultuurweek
20 Aug.	Gr.12 Rekorderksamen begin
21 Aug.	Gr.9: Vakkeuses vir 2027 sluit - Donkey Derby (Hokkie/Sagtebal/Krieket)
26-28 Aug.	Gr.10 Veldskool
28-30 Aug.	2026/2027 Matriekraadkamp
4 Sept.	- Lentedag (gewone klere) - Gr8's 2027 aanlyn registrasie sluit
5 Sept.	Netbal Legendsdag
23 Sept.	Skool sluit
22 Sept.	ATKV-Talentaand
26 Sept.	Moot Film-bekendstelling (by Oos-Moot)

Gr8's 2027: Aanlyn registrasies

Die aanlyn registrasies vir 2027 open en sluit soos volg:

Open	:	5 Augustus 2026
Sluit	:	4 September 2026

Besoek die skool se [webwerf](#) vir die volledige inligting.

Skakel: <https://www.oos-moot.co.za/graad-8s-2027-registrasies/>

- Stap 1 : Registreer aanlyn op die GDO se aanlynplatform.
- Stap 2 : Registreer u kind elektronies by H/S Oos-Moot.

Fotodag 3 – 13 Augustus

Leerders en groepe wat nog nie afgeneem is nie, sal op **13 Augustus** gedurende skoolure gefotografeer word.

Leerders moet in korrekte span- of wintersdrag wees.

Foto's kan, sodra dit beskikbaar is, elektronies direk by Prestige Photographic Group bestel word.

Kontakpersoon: Me N Visser (vissern@oos-moot.co.za)

AKADEMIE

Gr.9 Vakkeuses vir 2027

Die graad 9-leerders het geleentheid om nou hul vakkeuses vir 2027 te maak. Die vakkeuses open en sluit op die volgende datums:

Open	:	7 Augustus 2026
Sluit	:	21 Augustus 2026

Die vakkeuses word by die volgende [skakel](#) gedoen.

Skakel: <https://forms.gle/PoFbaE9KHQpsVuy56>

Gr.12 Afrikaans: Verpligte Letterkunde aandklas

'n Spesiale en verpligte aandklas vir die graad 12-leerders is geskeduleer vir:

Datum	:	11 Augustus
Tyd	:	17:00 tot 20:30
Plek	:	Skoolsaal plaas.

Me. E. Olwage, 'n kenner op die gebied van letterkunde, sal waardevolle insigte deel om leerders optimaal vir die rekord- en eindeksamen voor te berei. Leerders moet asseblief hul skrif en pennesakkie saambring.

Gr.12 Engels: "MacBeth" en Jekyll and Hyde" aandklas

'n Spesiale aandklas is vir die graad 12-leerders geskeduleer:

Datum	:	13 Augustus
Tyd	:	17:00 tot 20:30
Lokaal	:	K104

Leerders word aangeraai om hierdie klas by te woon aangesien dit hul tot groot hulp sal wees in die voorbereiding vir die Rekorderksamen.

Boekkarakterdag - 14 Augustus

Oosies ons vier Taaldag op 'n besondere manier. **Trek aan volgens 'n boekkarakter uit 'n Afrikaanse of Engelse boek.**

Datum	:	14 Augustus
-------	---	-------------

Daar is geen koste verbonde nie. Leerders moet asseblief skaflik aantrek en steeds aan die skool se voorkomsvereistes voldoen.

Ons sien uit na 'n dag vol kreatiwiteit en pret!

Skryf. Inspireer. Publiseer!

'n Oproep aan alle jong Oosie-skrywers!

Hou jy daarvan om gedigte of opstelle te skryf?

Me T Jordaan nooi alle talentvolle skrywers uit om hul oorspronklike gedigte en opstelle vir moontlike publikasie in die skooltydskrif in te stuur.

Sluitingsdatum	:	30 Augustus
E-pos na	:	jordaant@oos-moot.co.za

Graad 12 – Verpligte Akademiese uur

Tot **19 September** sal daar **elke Woensdag**, per vak, verpligte akademiese uur wees.

Wolkskool en Google Classroom

Alle leerders moet asseblief seker maak dat hulle toegang tot Wolkskool en Google Classroom het.

Gebruik die volgende skool-e-posadres om op albei platforms aan te meld:

Toelatingsnommer@oos-moot.co.za

Wagwoord: OMleerder

Wolksskool

- Volg die stappe om 'n profiel te skep.
- By lidmaatskap moet die volgende afslagskode ingevul word: HSOWSSL26

Belangrik:

Leerders wat probleme met hul registrasie vir Wolksskool ondervind kan op 11 Augustus, direk na skool by me J Geldenhuys (K17) aanmeld.

Akademie TOP 10 – Kwartaal 2

Graad 12		
		%
1	Tindall van der Merwe	97.92
2	Anke Styger	93.79
3	Ryan Liebenberg	93.03
4	Keagan Wilters	90.08
5	Tiaan Stolp	89.69
6	Kal-El Brunsdon	89.55
7	Steven Acker	88.18
8	Nikita van Dyk	87.97
9	Reina van Eeden	86.05
10	Chrisjan van Staden	86.03

Graad 11		
1	Juandre Erasmus	96.03
2	Reuben van Blerk	88.34
3	Mia Steenkamp	88.17
4	Heinrich Kok	86.6
5	Katarina Mans	82.76
6	Rohan Stewart	82.01
7	Jessica Westfall	81.88
8	Erwee Viljoen	81.7
9	Elani Smith	81.64
10	Leane Theron	81.03

Graad 10		
1	JD Bronkhorst	91.15
2	Sandra-Kate van der Merwe	88.66
3	Cristal du Plooy	87.41
4	Chelisa van Jaarsveldt	86.68
5	Amy Galetti	85.28
6	Amelia Botha	85.15
7	Tammy Stoltz	84.66
8	Kaileen van der Merwe	84.16
9	Diané Joubert	81.67
10	Bella Furter	81.24

Graad 9		
		%
1	Juané Venter	91.96
2	Rika van der Walt	91.02
3	Anzel Ehlers	90.81
4	Elzette Heller	90.66
5	Lana du Plessis	90.64
6	Noa van der Merwe	87.27
7	Marli Pretorius	87.18
8	Rodrick Oosthuizen	86.76
9	Shanri Herbst	86.74
10	Karin-Alet Visagie	86.62

Graad 8		
1	Willem van der Merwe	95.96
2	Josua Kruger	94.4

3	Leandri Joubert (April)	93.88
4	Sonlia van Jaarsveldt	93.85
5	Zené Jones	93.73
6	Cleadon van Rooyen	93.07
7	Zuané Barkhuizen	92.3
8	Milieke Ferreira	90.16
9	Amoré Louw	89.82
10	Hilda Adams	89.19

SPORT**HOKKIE – OOSIE JUNIORS**

Alle laerskoolseuns en -dogters wat graag hokkie wil speel, word uitgenooi om by Oosie-Juniors aan te sluit.

Registrasie: <https://forms.gle/GDP9LiVUDDCge91y5>

NETBAL**Fast 5 bepalings**

Datum	Byeenkoms
7/8 Aug.	SpeedBeez Fast5 toernooi @ H/S Montana
28 Aug.	Distrikuitspele
4 Sept.	Tshwane uitspele
12 Sept.	Gautengkampioenskappe
25/26 Sept.	SASN Kampioenskappe

ROLBAL**Bepalings**

Datum	Plek	Spanne
14 Augustus	Colbyn	OM1 vs Waterkloof 1
21 Augustus		OM1 vs Barbarians 2
28 Augustus	Villieria	OM1 vs Waterkloof 2
30 Augustus	Wingate	OM1 vs Sonitas 1

RUGBY

Noordvaaltoernooi wedstryde versus H/S Klerksdorp

Datum : 8 Augustus
 Plek : Oos-Moot velde
 Program : Beskikbaar op die skool se Sport Kommunikasiekanaal.

KULTUUR**KULTUURWEEK**

Ons is besonder opgewonde oor 'n nuwe inisiatief wat vanjaar die lig sien, naamlik ons Kultuurweek in Augustus aangebied word.

Program – 18 Augustus

Vertoning : Tienertoneel
 Tyd : 14:30 vir 15:00
 Plek : Skoolsaal
 Koste : R50 per persoon

Program – 19 Augustus

Vertoning : Koor, All Stars, Rasieleiers, Orkes en Idols wenners
 Tyd : 17:30 vir 18:00

Plek : Skoolsaal
Koste : R100 per persoon

Kaartjieverkope

Volg die skakel na die [die Blou rak](#) om kaartjies te koop.

Skakel: <https://store.sticitt.co.za/oosiesdieblourak>

Bewys van betaling dien as toegang.

JAARLIKSE KUNSUITSTALLING

Kom bewonder die kreatiwiteit en talent van ons Oosie-kunstenaars tydens ons jaarlikse Kunsuitstalling.

Datum : 14 Augustus
Tyd : 18:00 tot 20:30
Plek : Skoolsaal

Die uitstalling is 'n deurstapgeleentheid.

Toegang:

Gratis vir Hoërskool Oos Moot-leerders in skooldrag

R10 per leerder

R30 per volwassene

Ligte versnapering is by die toegang ingesluit.

Volg die skakel na [die Blou rak](#) om kaartjies te koop.

Skakel: <https://store.sticitt.co.za/oosiesdieblourak>

Ons sien uit daarna om u daar te verwelkom en saam ons leerders se besondere talent te vier.

RASIELEIERS

Kompetisie : IFAA Trials and Semi-finals
Datum : 7 Augustus
Plek : Sal bevestig word.

TIENERTONEEL

Na groot afwagting sien ons uit na verskeie optredes van ons Tienertoneelgroep:

Datum	Plek	Tyd
17 Aug.	ATKV (UNISA Kleintheater)	12:00
18 Aug.	Op die Planke (Kultuurweek)	14:30
20 Aug.	Pronk Podium (H/S Wilgers)	16:30

KOOR

Ons koor begin hul optredes vir die jaar:

Datum	Geleentheid
15 Augustus	Conwonnité Koorfees
18/19 Augustus	Oos-Moot Kultuurweek
27 Augustus	Noordekruin Kunstefees
2 September	Afrikaanse Kunsvereniging

PROJEKTE

PVM PRODUKTE

PVM-produkte nou by Oos-Moot beskikbaar!

Bestellings

- Voltooi die [bestelvorm](#).
- Stuur die voltooide vorm en navrae per e-pos na: pieterses@oos-moot.co.za

Aflewering

- Aflewering vind plaas in die week ná die sluitingsdatum van elke bestelling.
- U sal 'n e-pos ontvang met die dag en tyd waarop u, u bestelling by die skool kan kom afhaal.

PASTEIE

Bestel die heerlikste pasteie. Volg die skakel na [die BLOU rak](#) om te bestel en te betaal.

Skakel: <https://store.sticitt.co.za/oosiesdieblourak>

OOSIEBOND

Ons Oosie-afrigters het nou hulle eie "Rassie Erasmus-boks" en die toeskouers en spelers kan nou ook die telling op die B- en C-velde maklik volg.

'n Opregte dankie aan die Oosiebond en al die rolspeleers wat hierdie projek moontlik gemaak het, met Villieria Rugby Bulletjies as die dryfkrag agter die nuwe telbord.

NUUSBRIEFADVERTENSIES

Adverteer in ons skool se nuusbrieff. Koste en volledige inligting by die [skakel](#) beskikbaar.

Waverley

Wiskunde & Wetenskap



Sentrum

Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.

- Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
- Rekeningkunde graad 8 tot 12.
- Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
- Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
- **Career Direct:** Aanlegtoets, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding

Aanvullende onderrig + Beroeps

- & Vakkeuse toetsing

Marina Stander - 083 259 8913



SPOT ON FUELING

FUELING THE WAY FORWARD



QUALITY DIESEL.



RELIABLE SERVICE.



DELIVERED TO YOU.

WE KEEP YOUR BUSINESS MOVING.

We provide high-quality diesel delivered directly to your site – quickly, safely and efficiently.

Whether you need a once-off delivery or ongoing supply, you can count on Spot On Fueling for service you can trust.





PREMIUM DIESEL

High quality fuel you can trust.



FAST & RELIABLE

On-time delivery when you need it.



SAFE & SECURE

Handled with care and safety first.



MOBILE SERVICE

We come to you – wherever you are.

WE SERVE A WIDE RANGE OF INDUSTRIES



CONSTRUCTION SITES



FARMS & AGRICULTURE



TRANSPORT & LOGISTICS



INDUSTRIAL OPERATIONS



EVENTS & MORE

CONTACT SHAUN

062 943 2183

Spotonfueling@gmail.com

Proudly serving your area with dedication and reliability.

YOUR BUSINESS. OUR FUEL.

Dependable fuel. Professional service. Every time.

FUELING THE WAY FORWARD





PLANTCARE SERVICES BIED:

- Binnenshuise plant-installering en -instandhouding
- Tuinontwerp en besproeiing
- Plantdekorverhuring
- Weeklikse versorging

Tel: 072 500 2889 / 072 080 7540

Besoek www.plantcareservices.co.za vir meer inligting. Stuur 'n e-pos na info@plantcareservices.co.za of plantc@mweb.co.za

KUMON VILLIERIA

KLEIN TREE. STERK FONDASIES. GROOT VORDERING.

 **Nou oop in Waverley Plaza**

Help jou kind om met self vertroue en onafhanklikheid te leer!

WISKUNDE

Bou 'n sterk grondslag en verbeter, spoed, akkuraatheid en probleemoplossings vaardighede.

ENGELS

Ontwikkel woordeskat, leesbegrip, grammatika en self vertroue in Engels as 'n tweede taal.

KUMON CONNECT

Die bekende Kumon-werkkaart - nou beskikbaar digitaal op tablet - met maklike indiening en deurlopende terugvoer.



Bespreek 'n gratis assessering

<https://www.kumon.co.za/book-assessment/villieria>

076 781 3428

Wiskunde en WETENSKAP HULPBRONNE

- ✓ Flitskaarte
- ✓ Teorieboek
- ✓ Vraestelle

Alles wat jy nodig het om 'n **SUKSES** van jou studies te maak!

Teen 'n Koste van:

R330!!

www.wenwetenskap.co.za

<https://www.wenwetenskap.co.za>



NOORDELIKE
HELPMEKAAR
STUDIEFONDS

ONS HELP MET JOU STUDIELEENING

Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIÊRE ONDERRIG in Suid-Afrika

NHS BIED DIE VOLGENDE:

Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima minus 3 %.

KONTAK ONS



(011) 782 9160



admin@nhsfonds.co.za



noordelikehelpmekaarstudiefonds.org